# XHARIEP DISTRIK

# AFRIKAANS HUISTAAL GRAAD 12

# VRAESTEL 3

# JUNIE 2011

# 100 PUNTE

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTINGSBLADSY**

Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

**AFDELING A: Opstel – 50 punte**

**AFDELING B: Langer transaksionele tekste – 30 punte**

**AFDELING C: Korter tekste: – 20 punte**

- Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
- Skryf in die taal wat geassesseer word.
- Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
- Jy moet beplan (bv. kopkaart, vloeidiagram, diagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die opstel wees.
- Jy word sterk aanbeveel om 80 minute aan afdeling A te bestee, 40 minute aan afdeling B en 30 minute aan afdeling C.
- Nommer elke teks soos wat dit op die vraestel genommer is.
- Voorsien elke teks van ‘n gepaste titel / opskrif.

  LET WEL: Die titel / opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
- Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KREATIEWE TEKSTE

**OPSTEL (50 PUNTE)**
**VRAAG 1**

**Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n opstel van 400 – 450 woorde.**
Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning en redigering ingee. Dui jou finale produk aan.

1.1 'n Opstel getiteld: Toe kom die brief en krap alles om.

OF

1.2 Toe sy vir oom Groot Piet voor sy * *makuku* sien, het sy met haar ingebore sesde sintuig besef: as dié ou gryse sterf voordat hy sy lewenskennis met haar gedeel het, gaan sy vir altyd met 'n selfverwyt opgesaal sit.

* *('n **Makuku** is 'n klein informele woning wat gebou is met afvalmateriaal soos byvoorbeeld sink en karton of ander herwonne materiaal.)*

OF

1.3 Ons ken dié gonswoord al te goed – *MXit*. Sommiges doen dit om per selfoon in kontak met hul vriende te bly. Ander sidder by die gedagte wanneer hulle dié woord hoor omdat allerhande gruverhale rondom die selfoon-verksynsel vertel word. Is *MXit* 'n monster wat skuil en wag om veral jong volwassenes te verslind of is *MXit* 'n bedekte seën in die tegnologiese tydsgees waarin ons leef?

OF

1.4 Kry 'n grootbeksmile … Doepa vir die lewe!

Sommige mense se strak gesigte laat jou dink dat 'n nasionale ramp ons almal getref het. Maar dit sal 'n groter ramp wees as mense verleer het om te skater, want lag het soveel voordele.

OF

1.5 Die toenemende werkloosheid en genadelose kompetisie om die bestaande werksgeleenthede maak dit al hoe belangriker dat elke Suid-Afrikaner die beste opleiding sal ontvang. Bespreek hoe jy die opleidings- en werksmoontlikhede van die toekoms sien. Gee ook moontlike oplossings vir werkloosheid aan die hand.

**OF**

**Kies EEN van die prente op die volgende bladsy en ontwikkel jou eie tema.**
Die aard van die opstel kan verhalend, beskrywend, beredenerend, feitelik, betogend of bespiegelend wees.

1.6




**(Uit: Vrouekeur, 3 Junie 2009)**

**OF**


1.7



**(Uit: *Weg,* April 2007)**

**OF**

1.8




**(Uit: *Kuier*, Mei 2010)**

**TOTAAL VAN AFDELING A: 50 PUNTE**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 2**

**Kies een van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 180 – 200 woorde** daaroor. Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning en redigering ingee. Dui jou finale produk aan.

2.1

"Drie tieners is gearresteer in verband met die wrede moord op 'n vyfjarige seuntjie van hul woonbuurt. Wat is besig om met ons kinders te gebeur?"




**(Uit: *Lig,* Augustus 2009)**

Skryf 'n **brief aan die pers** waarin jy jou mening oor bostaande aangeleentheid gee. Rig jou brief aan: Die Redakteur, Volksblad, Posbus 20 BLOEMFONTEIN, 9301.

**OF**

2.2

In die vorige klas het jy in 'n groot penarie of verleentheid beland. Skryf 'n **brief** aan jou vriend(in) waarin jy hom of haar van die insident vertel.

**OF**

2.3

Verbeel jou jy is die teksskrywer van 'n sepie op TV. Skryf nou die **dialoog** van **ENIGE TWEE** karakters in die sepie. Jy mag die name van die karakters uit jou gunsteling sepie gebruik.

**OF**

2.4

Jy word opdrag gegee om namens die graad 12's 'n **motiveringspraatjie oor skooltrots** vir die graad 8's te lewer. Skryf nou hierdie toespraak.

**TOTAAL VAN AFDELING B: 30 PUNTE**

**AFDELING C: KORTER TEKS**

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van **100 – 120 woorde**.
Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning en redigering ook ingee.
Dui jou finale produk duidelik aan.

3.1 'n Geldinsamelingsprojek vir die skool word geloods om 'n resepteboek uit te gee en te verkoop. Skryf nou enige van jou **gunsteling resepte** neer wat jy graag in die resepteboek wil sien. Onthou om die bestanddele en die metode duidelik te verwoord.

OF

3.2 Ontwerp 'n **plakkaat** waarin jy die grootste jaarlikse gebeurtenis in jou skool wil adverteer.

**Let daarop dat geen ekstra punte vir versierings of grafika gegee word nie**.

OF

3.3 'n Toeris besoek jou dorp. Voorsien die persoon van die korrekte **rigtingaanwysings** om hom of haar te verduidelik waar die toeristesentrum geleë is.

**TOTAAL VAN AFDELING C: 20 PUNTE**

**GROOTTOTAAL: 100**